



W&A

oor die NASIONALE MINIMUMLOON (NML)

Die NML is nou al vier maande van krag, maar daar is steeds hordes vrae en onsekerheid wat daaroor hang. Jahni de Villiers bespreek 'n paar tipiese vrae wat sy hieroor kry.

Jahni de Villiers
Agri SA

Hoe is die NML ontvang in die landbousektor?

Aanvanklik was daar effense onsekerheid, wat te verwagte is as 'n mens sit met 'n stuk wetgewing wat so lank geneem het om geïmplementeer te word. Werkgewers in die landbousektor is ervare besigheidsmense, en dit wil darem blyk dat die ergste skokke in terme van administrasie verby is, en mense wat onseker is het die vrymoedigheid om hulp in te roep. Die grootste bekommernis bly werksverliese, wat waarskynlik eers mettertyd bekend sal word. Die re-

aliteit is dat verhoogde arbeidskoste ook kan veroorsaak dat minder mense in diens geneem word, wat ook duidelik sal word wanneer die indiensnemingsyfers in die komende maande gepubliseer word.

Wat behels jou aanstelling as Nasionale Minimumloon-kommissaris?

Ek dien as een van drie verteenwoordigers van georganiseerde besigheid op die nasionale minimumloon-kommissie. My taak, saam met die ander kommissarisse, is die nasionale mini-

mumloon as geheel. Dit behels die aanbeveling van enige en alle aanpassings wat op navorsing geskoei is. Só hou ons ook 'n oog oor implementerings, afdwingings en kwytsteldings, wat deur die departement van arbeid hanteer word. Ons termyn is vyf jaar, dit strek dus vanaf 2019 tot 2024.

Watter vrae is tot dusver die meeste gevra?

Die nommer-een-vraag is hoe die gewaarborgde vier-ure-minimum-werksdag werk. Baie mense is baie

onseker oor hoe dit oor naweke sou werk. So, ek sal Sondag gebruik ter illustrasie: As 'n werker vir een uur inkom op 'n Sondag, sou daardie werker vir twee ure vergoed moet word, volgens die sektorale vasstelling. Dit verander nou na vier ure volgens die nasionale minimumloonwet (NML-wet). As die werker inkom vir twee ure, sou dit vier ure se vergoeding wees volgens die sektorale vasstelling, en ook vier ure volgens die nasionale minimumloonwet. As die werker inkom vir drie ure, skop die sektorale vasstelling in en moet die werker sy volle dagloon ontvang. Dit kan baie verwarrend wees as 'n mens met twee stukke wetgewing sit, maar die belangrikste is om te vra vir hulp, want dit is beskikbaar.

Is die NML-wet terugwerkend na 1 Mei 2018?

Nee. Daar was 'n fout in die ondertekende weergawe van die wet wat dit laat lyk het asof die werking retrospektief is. Dit is reeds deur die parlement reggestel.

Kan ek my werkers se ure sny as ek nie die NML kan bekostig nie?

Nee. Geen wysiging aan diensvoorwaardes kan eensydig gewysig word om die werking van die NML te systap nie. Enige wysiging aan diensvoorwaardes moet met werkers onderhandel en ooreengekom word. Werkers kan ook nie ooreenkom dat 'n laer loon as die minimumloon betaalbaar is nie, só 'n ooreenkoms sal nie geldig wees nie.

Wat maak ek op Sondag as ek iemand net vir 'n paar minute nodig het?


Die NML-wet is duidelik: 'n Persoon wat inkom, mag nie vir minder as vier ure vergoed word nie. Neem ook in ag dat Sondagwerk teen dubbele vergoeding plaasvind. Dit beteken dat 'n werknemer vir vier ure vergoed gaan moet word, al het die werker net 'n paar minute gewerk. Indien 'n werker vir twee ure werk, moet die werker vir vier ure vergoed word. As die werker vir drie ure werk, moet die werker sy of haar dagloon ontvang, soos dit in die sektorale vasstelling bepaal word.

Wat beteken dit dat die sektorale vasstelling steeds bestaan, en hoe beïnvloed die sektorale vasstelling en die NML-wet mekaar?

Die sektorale vasstelling vir plaaswerkers gaan oor baie meer as net lone en betaling. Dit omskryf plaaswerkers se totale diensvoorwaardes, van reëls rondom behuising, regdeur tot Sondagwerk en ander reëls oor werksure. Die NML-wet troef die sektorale vasstelling, maar maak baie duidelik melding dat aspekte soos aftrekkings steeds deur

die sektorale vasstelling bepaal word. Aspekte soos die datum van verhoging word op sy beurt deur die NML-wet bepaal, wat beteken enige verhogings word volgens die NML-wet bepaal, nie die sektorale vasstelling nie. Die NML-wet en die sektorale vasstelling moet saam gelees word.

Is daar 'n maandelikse minimumloon?

Nee. Die ooreengekome minimumloon is R20 per uur, en dan R18 per uur. Werkgewers moet self hierdie uurlikse tarief na 'n maandelikse tarief omskakel met die formule in die sektorale vasstelling. Vir plaaswerkers wat 'n 45uur-werksweek het, is die weeklikse tarief R810. Om die maandelikse tarief uit te werk, word R810 met 4 en 'n derde vermenigvuldig om by 'n maandelikse bedrag van R3 507 te staan te kom. 



**OPTIMISE
YOUR ANIMAL
FEED
PRODUCTION**

**Floating Fish Food & all animal feed | Full Fat Soya
| Maize & Grain | Starch**

Designers & manufacturers of Hammer Mills, Extruders,
Full Feed Plants, Dryers, Blenders, Coolers, Augers,
all related spares and accessories

**Cost effective solutions for small to large
scale farmers and feed production plants.**

For more information: Tel: +27 11363-3166 Cell: +27 826648682
info@quadroalloys.co.za or visit our website: www.quadroalloys.co.za

High Quality • Minimal Wearing • Innovative Technology